

HOOFSTUK SES

HERINNERINGE AAN MAGSBESKOUIINGE EN IDENTITEIT in gekose installasies van Willem Boshoff (2)

31 MEI 1961

6.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is 'n seleksie van drie installasies van Boshoff wat in verband gebring word met historiese narratiewe gesentreer in die datum *31 Mei 1902* gelees en geïnterpreteer. Horkheimer en Adorno (2002; 2003) se visie op lyding en Adorno se beskouing van die sosiale waarheid as die stem van die stemloses is as vertrekpunt geneem. Die gekose installasies is aan die hand van Adorno se dialektiese onderskeid tussen *Inhalt* en *Gehalt* gelees en geïnterpreteer. Britse imperiale kolonialisme en die invloed daarvan op die ontwikkeling van Afrikaners se herinneringe, magsbeskouinge en identiteit is ondersoek. In Hoofstuk Drie is geargumenteer dat hierdie aspekte wel 'n invloed gehad het op die vestiging van Afrikanernasionalisme en -identiteit.

Hierdie hoofstuk sentreer in assosiasies met die datum *31 Mei 1961* – die dag waarop Suid-Afrika 'n republiek geword het onder leiding van die NP-regering. Die datum word geassosieer met die oorgrote hoeveelheid wit mense se [aanvanklike] aanhang van die apartheidsideologie, asook die toenemende opstand van swart mense en 'n wit minderheid [waaronder Afrikaanssprekende akademici, studente, en kunstenaars] teen dié ideologie van die NP wat slegs blankes bevoordeel het.

Apartheid se wortels is enersyds geleë in Britse segregasiewetgewing gedurende die koloniale tydperk, soos in Hoofstuk Drie beredeneer (vgl. Dubow, 2006:11-12; Slovo, 1997:22; Arnold, 2005:331-332; De Klerk, 1991:68; Welsh, 2010) en andersyds in Afrikaners se herinneringe aan Britse oorheersing in hulle eie historiese narratief (vgl. Welsh & Spence, 2007:281; Dubow, 2007:54-55). Laasgenoemde blyk ook uit Boshoff se navorsing oor konsentrasiekampe waar die inskripsie op 'n graf lui dat Afrikaners nooit weer sou toelaat dat so-iets [die ABO] met hulle gebeur nie (vgl. Siebrits, 2007:27-28). Soos geargumenteer in Hoofstuk

Vyf was hierdie voorneme etnies ingeperk (vgl. Malan, 1964:24) en het hierdie morele eis dit niks verder as 'n etniese gebod gebring nie. Waarop dit neerkom is dat [wit] Afrikaners vasbeslote was om nie weer die regeringsmag uit hul hande te laat gaan nie. Dit het onteenseglik gelei tot 'n aanhang van Afrikanernasionalisme en -identiteit. Die tipiese nasionalistiese begroning van eiendomsreg op die land in die sogenaamde bloed van Afrikanerslagoffers van die verlede, asook Afrikaners se superioriteit jeens ander bevolkingsgroepe en hul geloof in hul geroepenheid en plig as uitverkore volk om die beskawing en Gods Woord uit te dra en te handhaaf, is by herhaling deur Malan (1964:12, 121, 236) en Verwoerd (1963:xix-xx, 193 e.v.), twee voormalige NP-leiers en eerste ministers in die apartheidsera, verkondig (vgl. Hoofstuk Drie).

Die gekose taalgebaseerde installasies waarin die kunstenaar worstel met Afrikaners se herinneringe aan hul magsbeskouinge en identiteit gedurende die NP se regeringstydperk, word gevolglik in hierdie hoofstuk gelees en geïnterpreteer. Soos in Hoofstuk Vyf, word eerstens op die *Inhalt* van die installasies gefokus alvorens die *Gehalt*, wat die grootste gedeelte van die bespreking uitmaak, geanaliseer word. Adorno beskou – soos aangedui – die *Gehalt* van die kunswerk – in sy dialektiese verband met die *Inhalt* – as die sentrum van die sosiaal bemiddelde en sosiaal belangrike betekenis van die kunswerk (vgl. Adorno, 2004:146, 191-192; 299; Zuidervaat, 2007).

'n Gepaste oorgangswerk vir die vorige en hierdie hoofstuk is Boshoff se taalgebaseerde installasie ***Spoiled vote*** (2003 – Fig.7) wat kommentaar lewer op (i) Britse segregasiewetgewing gedurende die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeue; (ii) Afrikaners se herinneringe aan Britse kolonialisme en die invloed daarvan op hul identiteit, en (iii) Afrikaners se magsbeskouings gedurende apartheid.

6.2 ***Spoiled vote*** (2003 – Fig.7)

6.2.1 **Beskrywing van die *Inhalt* van die installasie**

Die materiaal waaruit hierdie installasie geskep is, bestaan uit staalpype waaraan straatname gesweis word, vier groen straatnaamborde met wit letters: Kitchener Avenue, King Edward Street, Verwoerdlaan en Paul Krugerstraat, sement, grond

en verf. Die pale waaraan die straatnaamborde vasgeheg is, hang horisontaal aan toue vanuit die plafon tot bykans op die vloer.¹ Dit het tot gevolg dat die kruising van die straatnaamborde reg voor die aanskouer se bene makliker sigbaar is as wat dit sou wees indien die pale vertikaal geplaas was en die aanskouer daarna moes opkyk.

In Boshoff se installasie kruis die straatnaamborde Kitchener Avenue en Paul Krugerstraat, en Verwoerdlaan en King Edward Street onderskeidelik. In die eerste stel straatnaamborde is Kitchener Avenue bo Paul Krugerstraat geplaas en in die volgende paar is die volgorde omgeruil – Verwoerdlaan is bo King Edward Street geplaas.

Soos Duchamp, maak Boshoff dikwels gebruik van *readymades*. In hierdie geval maak hy – volgens die onderskeid tussen verskillende tipes *readymades* wat Duchamp getref het (vgl. Ades *et al.*, 1999:132-136; 164-166) – gebruik van *assisted readymades*, aangesien dit massageproduseerde, algemene gebruiksvorwerpe is wat Boshoff geherkontekstualiseer en in 'n kunskonteks aangewend en uitgestal het.

Soos kenmerkend van Boshoff se taalgebaseerde installasies, bevat die materiaal wat die kunstenaar gebruik, die historiese narratief waarmee die kunstenaar hom in hierdie installasie besig hou. Op hierdie wyse is Boshoff se installasies – in aansluiting by Adorno (2004:137) – mimeties van hulself omdat die narratief van die geskiedenis wat Boshoff vertel, reeds in die materiaal wat hy gebruik teenwoordig is. As sodanig kan Boshoff se installasies as sosiale monades beskou word, want die *Inhalt* van elke installasie, bestaande uit 'n konstellasiel van onverwante estetiese elemente, vorm opsigself 'n samehangende eenheid om vorm te gee aan die *Gehalt* deur die dinamiese kragveld van betekenis wat in die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en *Gehalt* opgesluit is (Adorno, 2004:146-7; 252; O'Connor, 2000:240).

¹ In die oorspronklike installasie vir die uitstalling *Licked* (2003) – Boshoff se eersse eenmanuitstalling in Kaapstad in die *Michael Stevenson Contemporary* – is slegs die gekruisde straatnaamborde (sonder die pale) in die galery se venster geplaas, wat dit van die straat af sigbaar gemaak het (Edmunds, 2003; Boshoff, 2007). Op Boshoff se nuutste opgedateerde webblad (2009) is die pale bygevoeg.

6.2.2 Historiese narratiewe van die *Inhalt* van die installasie

Die *Inhalt* van hierdie installasie roep die volgende historiese narratiewe van die land op, wat in hul dialektiese verband met die *Gehalt*, interpretasie vereis:

Die name op die straatnaamborde verwys na vier rolspelers in die historiese narratiewe wat hulle konseptueel verteenwoordig, en wat 'n beslissende rol gespeel het in die verloop van die geskiedenis van die Afrikaners en van Suid-Afrika soos reeds bespreek in Hoofstuk Drie. Terwyl Kitchener verantwoordelik was vir die instelling, toepassing en uitvoering van die verskroeiende-aardebeleid [wat deur Roberts geformuleer en goedgekeur is deur die Britse regering in die sogenaamde moederland] wat Afrikaners in die grootste ekonomiese, geestelike en kulturele ellende gedompel het, was Paul Kruger – stigterslid van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, wat in sy beginjare by uitstek die Afrikanervolk beskou het as "Gods Volk" – die staatspresident van die ZAR (vgl. Gundlingh, 2007:196; Worden, 1994:29; Giliomee, 2003:175-178).

Terwyl Kitchener uitvoering gegee het aan die beleid van konsentrasiekampe vir vroue en kinders wat gelei het tot die buitengewoon groot getal burgerlike sterftes² was Kruger as president van die ZAR in ballingskap en magteloos om vir sy "Gods volk" van hulp te wees. Hy sterf uiteindelik as 'n vereensaamde in Switserland in 1904 (Giliomee, 2003:251, 264). Terwyl Kruger internasionaal bekendheid verwerf het as die gesig van die moedige weerstand wat die Boere gebied het teen die oorweldigende Britse imperiale mag gedurende die ABO, het Generaal Jan Smuts die Afrikanervolk se gemoedstoestand ná die ABO in 'n brief aan Abraham Fischer³ soos volg opgesom:

[There] are years of great danger before us – partly because [Afrikaner] people have fallen so deep, so fathomlessly deep, into poverty and misery, partly because everything will be done by the other [British] side, through

² Volgens historici het ongeveer 13 keer meer vroue en kinders gesterf as Boere op die slagveld (vgl. Grundlingh (2006:196; vgl. Kapp, 2002:273-281; Pretorius, 1999:404-411

³ Die eerste politieke party na die ABO het in die Transvaal (Tvl) onder leiding van Generaal Louis Botha tot stand gekom met die naam *Het Volk*. In 1906 het die Oranje Vrystaat (OVS) gevolg met die *Orangia Unie* en Abraham Fischer as leier (Thompson, 2006:142; Worden, 1994:31). In die Kaapkolonie het die Afrikaners die *Afrikanerbond* gestig, terwyl in Natal so min Afrikaners oorgebly het dat geen Afrikaanse politieke party daar tot stand gekom het nie (Thompson, 2006:142; Worden, 1994:31).

their education system and otherwise to anglicize the generation now growing up. It is our duty to guard against this and that is why I am so strongly in favour of ourselves, if necessary, providing for the education of our children (*in* Giliomee, 2003:264).

Terwyl Kruger in Switzerland was, het die narratief van die Unie van Suid-Afrika wat in 1910 tot stand gekom het, geleidelik [sedert Mei 1902] begin ontvou en is een van sy Boeregeneraals, Louis Botha, as die eerste regeringshoof ingesweer. Die jaar van Kruger se sterfte – 1904 – kenmerk ook die begin van die laaste fase van Britse kolonialisme se vaslegging van rassese segregasiewetgewings waarin die wortels van die apartheidsbeleid geleë was (Dubow, 2006:5, 11-12; Arnold, 2005:330-333; Worden, 1994:73; Thompson, 2006:153-154). In Hoofstuk Drie is geargumenteer dat – alhoewel swart mense in die Kaapkolonie stemreg gehad het – min aan die gestelde vereistes daarvoor voldoen het, en hulle kon in elk geval nie in die parlement dien nie. Daar is voorts geargumenteer dat die verslapping van segregasiewetgewing in die Kaapkolonie bloot plaasgevind het in die hoop dat die swart tradisionele kulture sou verdwyn deur assimilasië met die Westerse kultuur (Dubow, 2006:175-176; Arnold, 2005:330-333; Thompson, 2006:64, 76 109; Worden, 1994:69-72).

Soos uitgewys in Hoofstuk Drie, is beloftes van grondeienaarskap deur die Britse koloniale regering gedurende die ABO aan swart mense nie na die ABO nagekom nie (vgl. Worden, 1994:30-31; Kapp, 2002:277; Pretorius, 1999:405; Weber, 1999). Dit is in hierdie verband wat Ferro (1997:13) se beskouing van kolonialisme as "Britain's will to dominate", verstaan sou kon word, asook Giliomee (2003:194) se opmerking dat Britse nasionalisme die dominante nasionalisme was waarteen sowel Afrikaners as swart mense in die land [aanvanklik] gereageer het. Gevolglik het daar geleidelik onderskeidelik onder sowel wit Afrikaners as swart mense 'n eie nasionalistiese bewussyn begin ontwikkel. Dit het aan die een kant gelei tot Afrikanernasionalisme en -identiteit, soos in Hoofstuk Drie berekeneer, en aan die ander kant reeds sedert die laat negentiende eeu 'n eie nasionale selfbewussyn onder swart mense wat uiteindelik uitgeloop het op die stigting van organisasies soos die ANC in 1912, met die doel om vir swart mense

se regte en voorregte te veg (kyk Hoofstuk Drie; Worden, 1994:80-81; Giliomee, 2003:287).

Terwyl Britse kolonialisme op sowel die Afrikaners as inheemse groepe in die land afgedwing is, het Kitchener tydens die Anglo-Boereoorlog die Britse imperiale kultuur op 'n hegemones wyse op die Afrikanervolk afgedwing. Tydens die Britse koloniale era het Kruger op sy beurt, in navolging van Britse kolonialisme, Afrikanersuperioriteit op swart mense in die ZAR afgedwing – hulle is stemreg geweier, die inboekstelsel het gegeld en hulle is as minderwaardig, onmondig en slegs as arbeiders beskou: "[W]herever Afrikaners had settled, they tolerated scarcely any social interaction with black people except as masters with servants" (Thompson, 2006:106; vgl. Giliomee, 2003:185-186; Arnold, 2005:333).

Terwyl Britse kolonialisme 'n winsgewende kommersiële besigheid was en hul aggressiewe kolonisasiebeleid in die land meedoënloos uitgeloop het op die ABO (McLeod, 2000:7-8, 67-69; Dubow, 2007:56-57; Thompson, 2006:104-105; Worden, 1994:20), het Afrikaners – soos hulle koloniale voorouers – in die gees van die imperiale kapitalistiese ideologie, toenemend swart mense beskou as goedkoop arbeid, en as gasarbeiders in die land het hulle oor geen eiendomsreg beskik nie (Giliomee, 2003:90, 513; Thompson, 2006:37, 186-188). Tydens die laat negentiende-eeuse industriële ontwikkelinge in die land, het sowel Britse kolonialisme as wit "superieure" Afrikaners swart mense in die wit kapitalistiese ekonomie ingetrek, soos in Hoofstuk Drie beredeneer (vgl. Dubow, 2006:56-57; Worden, 1994:30, 76).

Die volgende naambordkruising bevat die name van King Edward en Verwoerd. Edward VII het sy moeder, Victoria in 1901 as Britse monarg opgevolg in dieselfde tyd dat die verskroeide-aardebeleid deur Kitchener ingestel en uitgevoer is (Kennedy, 2004:1). Terwyl Edward vanuit sy troonhoogte toegekyk het hoedat die Afrikanervolk ekonomies en geestelik verpletter word, het Verwoerd vanuit sy nasionalistiese hoogte neergesien en toegekyk hoe swart mense ly. Terwyl Paul Kruger in 'n belangrike jaar wat Britse segregasiewetgewing in die land betref,

gesterf het, het Edward VII gesterf in nóg 'n belangrike jaar in die narratief van die land, naamlik 1910 – die jaar van die stigting van die Unie van Suid-Afrika.

Edward VII het egter nie net passief vanuit sy troonhoogte aanskou wat gedurende die Anglo-Boereoorlog met die Afrikanervolk gebeur nie. Hy het aktief ingegryp deur gesprekke met sy aanvoeders van die Britse magte ten opsigte van hervorming en verandering van militêre strategieë. Dit het direk aanleiding gegee tot Roberts se inisiatief ten opsigte van die gewraakte verskroeiende-aardebeleid wat deur Kitchener ingestel en toegepas is (Middlemas, 1972:130-134; Kennedy, 2004:201-205). Verwoerd, op sy beurt, het – as leier van die regerende NP en daarom eerste minister – deur sy aktiewe betrokkenheid en ingrype ten opsigte van die instandhouding en uitbreiding van apartheid deur wetgewing die bynaam "die argitek van apartheid" gekry (Arnold, 2005:332; De Klerk, 2008:342; Krog, 2004:108).

Wat magsbeskouinge betref, stel Jarvis (2002:1-2) – soos aangedui in Hoofstuk Twee – dat Adorno hom deurgaans besig gehou het met onder andere 'n ondersoek na die verband tussen mag en rasionaliteit [waar met rasionaliteit bedoel word die georganiseerde opset van 'n samelewing wat gefokus is op die bereiking van gemeenskaplike doelwitte tot voordeel van die spesifieke samelewing]. Nog 'n aansluitende aspek waarmee Adorno hom besig gehou het, is of daar ooit denke – en hierby sluit ek rasionaliteitsdoelwitte in – kan bestaan waar die rasionaliteit wat oor die mag beskik, nie die *ander* [hulle wat nie tot die betrokke samelewing behoort nie], onderdruk nie, en waar sodanige onderdrukking nie ontken of verdoesel word nie (Jarvis, 2002:1; Adorno, 2003c:47). Hierdie insigte van Adorno as neo-Marxis binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog kan – soos reeds geargumenteer – toegepas word in ander kontekste waar daar sprake is van mag, rasionaliteit en onderdrukking.

Binne die postkoloniale kritiek word 'n soortgelyke argument ondersteun in dié beskouing dat slegs die nasionalistiese belange, verteenwoordigend van die dominante magsgroep of elite binne 'n nasionale formasie as die *self*, gedien word (vgl. Steyn, 2004:149; McLeod, 2000:69). Die *ander/Ander*, in hul afwykendheid

van die Westerse norm, se belange word as van mindere of geen belang geag nie omdat dit nie homogeen is aan die deursnee Westerse [veralgemeende] norm nie (vgl. Bhabha, 1994:37, 72; Ghandi, 1998:8-9; Said, 1978). Die *ander / Ander* word met ander woorde op dieselfde wyse beskou as wat Adorno (2003b:26-27) praat van 'n "amorfe massa", op grond van mense se herkoms, voorkoms en nasionaliteit (Adorno, 2003a:12; Bhabha, 1990:45).

6.2.3 Interpretasie van die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en *Gehalt*

Tipies van Boshoff se kunsbeoefening, beweeg hy weg van "retinale" skilderkuns deur nie 'n realistiese uitbeelding van die historiese narratiewe weer te gee nie, maar – soos aangedui – die historiese narratiewe vas te vang in die materiaal wat hy vir sy installasies gebruik. Verder gee hy in die *Inhalt* voorkeur aan taal as *voertuig* vir die dialektiese verband met die *Gehalt* om sy installasie as 'n sosiale monade wat oor 'n dinamiese kragveld van betekenis beskik, vir die aanskouer te bied.

Die straatnaamborde kruis mekaar twee-twee: Kitchener Avenue en Paul Krugerstraat, en daarteenoor, King Edward Street en Verwoerdlaan. In die eerste stel is Kitchener Avenue, soos aangedui, bo Paul Krugerstraat in die kruising geplaas. Hierdie plasing sou geïnterpreteer kon word as simbolies van Kitchener, as verteenwoordiger van Britse imperialisme, wie se mag bo die Afrikanerleier en president van die ZAR, Paul Kruger in 'n hiërargiese rangorde staan. Eweneens sou die plasing van Verwoerdlaan bo King Edward Street kon wys op enersyds, die oorwinning van Afrikanernasionalisme onder Verwoerd se leiding oor Britse imperialisme, maar andersyds, as 'n mens in ag neem dat Verwoerdlaan in dieselfde posisie is as Kitchener Avenue, op 'n analogie tussen Kitchener se verskroeiende-aardebeleid en Verwoerd se tuislandbeleid en gepaardgaande verskuiwings. Beide het nie rekening gehou met die regte van die minderes onder hulle nie, en beide groepe ondergeskiktes is ter wille van die sogenaamde groter goed van die oorhoofse doelwit onthoem.

Spoiled vote (Fig. 7) korrespondeer met ***32 000 Darling little nuisances*** (Fig.4) deurdat albei in 2003 geskep is, en as tema inspeel op die narratief van die ABO.

Spoiled vote neem die argument egter verder. Waar Edward VII se vergrote foto in ***32 000 Darling little nuisances*** vertoon word, word hy in ***Spoiled Vote*** – verteenwoordig deur 'n straatnaambord, soos 'n amptelike etiket – die gesig van die seremoniële hoogste gesag van Britse imperiale hegemonie en superioriteit. Verwoerd op sy beurt, as eerste minister met die mag in sy hande, versinnebeeld en simboliseer die toonbeeld van wit Afrikaner superioriteit en hegemonie tydens apartheid. Sodoende verteenwoordig albei die name die onreg wat aan swart mense as die *ander* aangedoen is. Eweneens word Kitchener kontrasterend geplaas teenoor Paul Kruger – eersgenoemde as imperiale maghebber en laasgenoemde as simbool van die verslaande slagoffer van kolonialisme. Wat sy gebruik van 'n konstellasie van skynbaar onversoenbare estetiese elemente betref, stel Boshoff (2009) self dat die kruising van hierdie spesifieke straatnaamborde, "... shows the unlikely combination of Kitchener Ave, King Edward St, Verwoerdlaan and Paul Krugerstr."

Die pale hang horisontaal vanuit die dak tot bykans op die grond, en staan nie vertikaal soos wat straatpale veronderstel nie. Dit sou weer eens 'n simboliese teken kon wees, aanduidend van 'n vergange era waarin hierdie vier rolspelers hoofrolle in die narratiewe wat opgeroep word, vertolk het. Hierdie historiese narratief is afgesluit. Suid-Afrika en haar inwoners beklee tans 'n postapartheid- en postkoloniale posisie. Afgesien hiervan, is die horisontale plasing van die gekruisde straatnaamborde vir die aanskouer duideliker sigbaar as wat dit sou wees indien die pale vertikaal geplaas was, wat die ironie van sulke kruisings versterk. Meer nog, die aanskouer vanuit 'n eietydse historiese konteks kyk nou letterlik [sowel as simbolies] neer op die rolspelers en die historiese konteks wat hulle konseptueel verteenwoordig.

Edmunds (2003) stel dat die titel van die werk ***Spoiled vote***, en die feit dat die straatnaamborde kruise vorm, die kwessie van stemreg tydens [politieke] verkiesings oproep (vgl. verder Boshoff, 2009). Mense het 'n fundamentele reg om vir die [politieke] verteenwoordiger van hul keuse te stem. Om te kan stem, moet 'n mens 'n kruisie trek agter die naam van die kandidaat van keuse. Terselfdertyd is 'n kruisie ook 'n teken van 'n verkeerde antwoord op byvoorbeeld 'n eksa-

menantwoordstel. So beskou, sou die kruismotief kon wys op die onmoontlikheid dat Kitchener as verteenwoordiger van Britse koloniale en imperiale mag en hegemonie in 'n verkiesing te staan sou kom teen Paul Kruger, verteenwoordiger van die minderwaardige *Ander*. Afrikaners is met ander woorde in hierdie opsig van hul fundamentele reg om teen kolonialisme te kon stem, ontnem.

Eweneens dui die kruising tussen Edward Street en Verwoerdlaan daarop dat die grootste getal swart mense hierdie fundamentele reg nóg tydens die koloniale era nóg tydens apartheid kon uitoefen. Vanweë 'n eie meerderwaardige ingesteldheid het Afrikaners in hul waan van 'n "uitverkore volk van God" wat die beskawing moes handhaaf en uitbrei, en Gods Woord aan die swart "heidene" moes verkondig, soos die Britse kolonialiste, selfverheffend swart mense gemarginaliseer en van hul fundamentele menseregte ontnem. Trouens, swart mense – selfs al sou hulle oor die reg om te kon stem beskik – sou, omdat hulle geen verteenwoordiging in die parlement geniet het nie – voor die onmoontlike keuse gestel word om tussen kolonialisme en apartheid te kies, waarvan die uitkomst vir hulle dieselfde gevolge sou gehad het: onderdrukking. Boshoff bied in hierdie verband die volgende *Gehalt*-verwante inligting op sy webblad:

White voters exercising exclusive voting rights in the twentieth century in South Africa were likewise ironically spoiled by their privileges over the majority of people ... (Boshoff, 2009).

Die oorspronklike *assisted readymade* wat die kunstenaar gebruik het, is die omgevalle paal met die straatnaamborde wat aanwys dat die eerste dwarsstraat na Edward Street in die voorstad van Johannesburg waar hy bly, is Kitchener Avenue:

The sign on the corner of my street was felled onto the pavement by a careless driver and lying down, the crossing-over of the two plates carrying the names Kitchener Ave and King Edward Street resembled a voter's cross. The street sign was spoiled and fit for the refuse dump (Boshoff, 2009).

Binne die konteks van die kruis as 'n teken van 'n verkeerde antwoord, sou dit immers onvanpas en onmoontlik wees om vir Edward VII in 'n verkiesingsveldtog te plaas. Hy is nie as die seremoniële hoof van die Britse volk deur die volk ver-

kies nie, maar was weens sy superieure familiestamboom en suiwer bloedlyn in dié posisie, trouens, geen lid van die monargie kan ooit in 'n verkiesingsveldtog betrokke wees nie. Kitchener het hom op sy beurt in sy posisie bevind op grond van sy bekwaamheid as 'n militaris, en weer eens nie omdat die Britse volk hom daartoe verkies het nie. Tweedens, aangesien albei hierdie "kandidate" die gesig van imperiale hegemonie verteenwoordig, sou dit verder onmoontlik wees dat hulle in 'n verkiesing teenoor mekaar te staan kom.

Soos aangedui, woon Boshoff in die voorstad van Johannesburg genaamd Kensington, in King Edward Street, en dui die vernoeming van dorpe, voorstede en straatname op die mag waaroor maghebbers beskik om hul superieure kultuur op die gekoloniseerdes [op 'n vreedsame wyse] af te dwing (kyk Hoofstukke Twee, Drie en Vier). Vladislavic (2005:32) som Boshoff se woonadres tydens 'n besoek aan die kunstenaar heel gevat op: "We were standing, you could say, in the yellowing pages of a history book".

Op dieselfde wyse as die kolonialiste, het Afrikaners tydens die Groot Trek en hul vestiging in die res van die land, dorpe soos Potchefstroom, Pretoria, Pietersburg en Potgietersrus na hul Voortrekkerleiers vernoem. Veral tydens die herdenking van die Groot Trek in 1938 het verskeie dorpe en stede se hoofstrate Voortrekkerstraat geword, en sedert 1949 is baie nuwe voorstede en nuwe straatname vernoem na voortrekkerfigure en gaandeweg ook vernoem na eietydse Afrikanerleiers en -figure: Verwoerdburg, D.F. Malanweg, Meyer Brinkweg, Sitastraat en Voortrekkerhoogte – om maar enkeles te noem.

Tans is die aggressiewe wyse van verandering van name van strate, dorpe, stede, museums en kunsgalerye onder die ANC-regering aan die orde van die dag en lei dit tot groot ongelukkigheid en diskoerse in die media (vgl. Engelbrecht, 2007:30; Welsh & Spence, 2007:295; Xingwana, 2010; Haasbroek, 2010:3; Hoofstuk Drie). Wat die naamsveranderinge tydens die NP-era betref, asook die huidige, bied Boshoff die volgende *Gehalt*verwante inligting:

In one of my old scrap-books I have an article and picture of the statue of Dr HF Verwoerd⁴ being lowered into a prominent place at the Free State provincial headquarters. ... The date is 16 May 1969. Another statue ... hotly debated by the press since 1967 is that of Paul Kruger, proposed by Coert Steynberg and ultimately installed by him at the Pretoriuskop entrance to the Kruger National Park. The Verwoerd statue was uprooted a few years ago by hydraulic cranes and a debate is at present raging as to whether the head of Paul Kruger should also be removed from its place. Many streets, dams, suburbs, cities and even provinces are being renamed ... (Boshoff, 2009).

Die installasie speel voorts in op die persoonlike, kollektiewe en historiese herinneringe van sowel wit as swart mense en hiermee gepaardgaande, identiteitskwessies van hoe mense hulleself, en hoe hulle deur die maghebbers gedefinieer is in terme van die *Self*, [eksotiese] *ander*, en die *Ander* soos geargumenteer in Hoofstukke Twee en Drie. Die herinneringe, sowel as identiteitskwessies word in die installasie se materiaal verteenwoordig deur die twee name van statuur wat enersyds uit die koloniale en andersyds uit die apartheidsera dateer.

Die tema van hoe mense se fundamentele reg om te stem binne die Suid-Afrikaanse konteks ontnem is, spreek Boshoff ook aan in werke soos **Closed ballot** (2003 – Fig.8), **Trying to vote** (2003 – Fig.9), **Psephocracy** (2003 – Fig.12), en **Ostrakon** (2003 – Fig.10). Vervolgens word kortliks na **Closed ballot** (Fig. 8) en **Trying to vote** (Fig. 9) verwys en daarna word **Ostrakon** (Fig. 10) met, waar nodig, toepaslike verwysings na **Psephocracy** (Fig.12) en **Psephos** (1993-1994 – Fig.11), geïnterpreteer. Dit word opgevolg met interpretasies van **Prison sentences** (2003 – Fig.13), met verwysings na **Neves 1** (2003 – Fig.14) en **Neves 2** (2003 – Fig.15). Die laaste installasie wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is **Secret letters** (2003 – Fig.16). Hierdie installasies het almal saam met **Spoiled vote** (2003 – Fig.7) deel gevorm van die uitstalling *Licked* in die Michael Stevenson Contemporary, gedurende Mei 2003.

⁴ Interessantheidshalwe word genoem dat hierdie beeld Verwoerd in 'n uiters onkarakteristieke houding uitbeeld: bakarm, hande in die sye. Die oorspronklike opdrag was dat dit 'n boer moes uitbeeld wat die sonsopkoms tegemoet kyk, so asof hy sou sê: "Aha, nog 'n nuwe dag! Daar's baie werk om te doen! Kom ons begin!" In die euforie van republiekwording is die opdrag aan die beeldhouer gewysig: gee die lyf die gesig van Verwoerd!

6.3 **Closed ballot** (2003 – Fig. 8) en **Trying to vote** (2003 – Fig. 9)

Closed ballot bestaan uit twee geslote houtkassies met gleuwe – soos dié waarin 'n mens jou geheime stembrief plaas. Albei die kassies se gleuwe is toegeplak – aanduidend daarvan dat die oorgrote meerderheid mense in Suid-Afrika tot voor 1994 nie kon stem nie. **Trying to vote** weer, bestaan uit 'n muureenheid (1300mm x 2550mm x 90mm), landkaarte van Engeland, Wallis en Skotland wat uit 1993 dateer en 'n Suid-Afrikaanse landkaart van 1976. Dit is ook die jaar van die Soweto-opstande (vgl. Hoofstuk Drie) toe kinders in opstand gekom het teen Afrikaans as 'n verpligte skoolvak. Hierdie kinders kon nie 'n keuse uitoefen of hulle Afrikaans as vak wou neem of nie – op dieselfde wyse as wat hulle ouers nie 'n keuse gehad het ten opsigte van stemreg nie.

Boshoff se liefde vir landkaarte kom dus weer in hierdie werk tot uitdrukking (Siebrits, 2010:29). Op sy webblad verduidelik Boshoff (2009) dat hy die 1976-landkaart van Suid-Afrika, met die indeling van die land in vier provinsies, soos in 1910 deur die Uniewet van Suid-Afrika bepaal, in klein vierkantige blokkies opgeknip het en op die muurbasis geherorganiseer het. Die twee bene van die X, of dan die tradisionele kieserskruis, is weer eens as motief vir die werk gebruik. Die "bene" van die X is van mekaar geskei en kruis mekaar gevolglik nooit, 'n aanduiding van 'n "eensydige" stemstelsel. Waarop dit neerkom, is dat daar geen verkiesingsveldtog tydens kolonialisme in die gekoloniseerde lande was nie. Die *Ander/ander* moes gewoon imperiale kolonialisme aanvaar, en dit – saam met die imperiale kultuur, tradisies en taal – is hegemonies op hulle afgedwing. Die rede hiervoor – soos in Hoofstukke Twee en Drie geargumenteer – was materiële gewin vir die moederland en maghebber, sonder inagneming van die effek daarvan op die gekoloniseerdes.

In plaas daarvan dat die lyne mekaar kruis, het die kunstenaar die afsonderlike "bene" gebruik om driedimensionele blokke te vorm met die landkaart van Groot Brittanje opgeknip en daar bo-op geherorganiseer. Boshoff verduidelik dat,

[t]hese legs are randomly 'hacked' across the surface of the work. None of the many legs ever manage to cross over to form the voters' cross – dislocated partners trying in vain to find each other in an endlessly disturbed

landscape. ... When the British appropriated this country in the wake of the South African War and imposed a one-sided voting system, they did so to claim the land, and more particularly, its gold and diamonds as their own. ... if you have a one-sided system of voting, it is impossible to cross the first line ... with a second one (Boshoff, 2009; *in* Siebrits, 2007:94).

6.4 *Ostrakon* (2003 – Fig.10) met verwysings na *Psephocracy* (2003 – Fig.12) en *Psehphos* (1993-1994 – Fig.11)

6.4.1 Beskrywing van die *Inhalt* van *Ostrakon* (Fig.10)

Ostrakon bestaan uit 534 gebreekte keramiekteëls in aardse kleure en van verskillende groottes en vorms. Op elk van die 534 keramiekteëls is met wit verf die naam geskryf van 'n Suid-Afrikaanse goewerneur, president, eerste minister of kabinetsminister wat in die blanke parlement van Suid-Afrika tussen 1900 en 1994 gedien het.

6.4.2 Interpretasie van die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en *Gehalt*

Boshoff (2009) stel dat 'n *ostrakon* in antieke Griekeland die woord vir 'n potskerf was, met ander woorde 'n stuk gebreekte keramiek, wat deur kiesers tydens verkiesings gebruik is. Op stukkies keramiek, of *ostrakons*, is die name uitgekerf van mense wat in die regering gedien het, maar wat die volk om verskeie redes nie langer as hul verteenwoordigers in die regering wou hê nie, en gevolglik uitgedryf moes word, hetsy op 'n tydelike of op 'n permanente basis. In sommige gevalle is swak administrateurs selfs met die keramiekskerwe gestenig (vgl. Siebrits, 2007:92).

Boshoff (2009; Siebrits, 2007:92) verduidelik sy werkwyse met betrekking tot hierdie installasie soos volg: hy het eers die werk uit plastiese teëlstukke gemaak waarop hy die verskillende name laat druk het. Omdat dit vir hom te kunsmatig voorgekom het, het hy besluit om van vooraf te begin en die installasie oor te doen. Hierdie keer het hy keramiek as materiaal gebruik wat met grond behandel is om 'n outentieke en argaïese kwaliteit daaraan te verleen, ten einde die historiese narratief van die stemprosedure in Antieke Griekeland by die aanskouer tuis te bring.

Die name wat op elk van die behandelde keramiekteëls met die hand opgeveerf is, dui weer eens op die moeite en arbeid wat Boshoff as 'n konseptuele Suid-Afrikaanse kunstenaar in sy werke ploeg.

Ostrakon korrespondeer met die installasie **Psephocracy** (2003 – Fig.12) en **Psephocracy** weer op sy beurt via die landkaarte met **Trying to vote** (Fig.9) waar Boshoff deur middel van sandspuit [*sandblast*] die kontoere van die landkaarte van Engeland, Suid-Afrika en Griekeland op glas gesuperponeer het, en op 'n swart granietblok op die grond geplaas het. Boshoff het aan Siebrits (2007:90) verduidelik dat *Psephocracy* 'n vorm van regering was wat op 'n demokratiese verkiesing berus het. In Antieke Griekeland het die volk hul stemreg uitgeoefen deur 'n klippie – 'n *psehphos* – met die naam van hul keusekandidaat in 'n keramiekfles te plaas (vgl. Vladislavic, 2005:88). Die kunstenaar se kennis van en vaardigheid met taal en woordspel kom sterk na vore in sy verduideliking van die titel van **Psephocracy**:

Psephocracy is a [Greek] form of government ... *Psephology* is the study of elections and voting, and a *psephologist* is an electoral scientist or analyst. I chose the titel *psephocracy* subversively, to rhyme with "democracy" but when it is said fast it sounds like the Afrikaans *sefokrasie*, which in turn sounds like swearing in Afrikaans (Siebrits, 2007:90).

Wat **Ostrakon** betref, verduidelik Boshoff (2009) aan Siebrits (2007:92) dat hierdie installasie as 'n tipe liasseerkabinet dien wat die name bevat van Afrikanerelite en "-intellektueles" in die twintigste eeu:

... [T]his work acts as a filing cabinet for names, ... of undesirable people. These persons come from previous political eras in South Africa, and belong to those who governed South Africa for almost the whole of the twentieth century. They were elected to their various positions and portfolios by the votes of the white minority who controlled South Africa during these years, who chose only white people to lead them. In a sense we've always had a democracy for whites (Siebrits, 2007:92).

Die installasie sou op hierdie wyse beskou kon word as 'n liasseerkabinet van Afrikaners se persoonlike, kollektiewe en historiese herinneringe, aan enersyds die narratiewe wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die Afrikanervolk vanaf 'n onderdrukte posisie tot in 'n magsposisie waarin Afrikanernasionalisme

en -identiteit 'n oorheersende gevoel van eenheid onder Afrikaners meegebring het, en andersyds, hoe Afrikaners hierdie mag toenemend as 'n onderdrukkende ideologie jeens swart mense gebruik het.

Die kunstenaar verwys in dié verband na generaal Jan Smuts se sienswyse van politiek, naamlik, as "... something that was not for the races" (*in* Siebrits, 2007:92). Hiermee, stel Boshoff, het Smuts bedoel dat swart mense geen rol het om in Suid-Afrikaanse politiek te speel nie, wat weer eens 'n aanduiding is van die tipiese wit, Westerse en meerderwaardige denkraamwerk tydens die koloniale era wat verdere neerslag in die apartheidsbeleid gevind het. Soos uitgewys, het die Britse regering nà die ABO alle beloftes aan swart mense "vergeet". In 1913, met die instelling van die Wet op Grondbesit, kon swart mense – as 'n gemarginaliseerde "amorfe massa", ten spyte van hul veel groter getalle – eienaarskap van slegs 8% van die land verkry (Siebrits, 2007:92; Boshoff, 2009; Arnold, 2005:329-330; Worden, 1994:69-70). Vanuit dieselfde wit hegemoniese perspektief het die tuislandbeleid na 1948 onder die NP-bewind gevolg wat swart Suid-Afrikaners van hul geboorteland vervreem het. Soos ek in Hoofstuk Drie uitgewys het, het hierdie beleid gelei tot die verskuiwing van swart mense na die tuislande en het dit ook tot gevolg gehad dat verskeie mense uit hul bestaande woonbuurtes soos Sophiatown [in Johannesburg] en Distrik Ses [in Kaapstad] verdryf is. Dié beleid is in stand gehou deur die opbou van 'n sterk militêre en polisiemag (vgl. verder Siebrits, 2007:92; Boshoff, 2009).

Vladislavic (2005:98) wys daarop dat die teëls in die kunswerk een vir een agtermekeer gepak in vyf houtkassies kan inpas. Die houtkassies kan, soos geslote boeke op 'n boekrak, in 'n klein ruimte langs mekaar, of bo-op mekaar gestapel en gestoor word (vgl. Michael Stevenson Contemporary, 2003). **Spoiled vote**, in aansluiting by hierdie perspektief van Vladislavic, sou gevolglik ook beskou kon word as 'n pleidooi dat die historiese narratief van apartheid – verteenwoordig deur keramiekteëls met name op – soos 'n geslote boek toegemaak en op die boekrak van "postapartheid amnesie" geplaas moet word. Dit word gestel in die lig daarvan dat wit Afrikaners tans in Suid-Afrika toenemend ervaar dat die bladsye in die geskiedenisboek van Apartheid liefsvol geslote en 'n geheim moet

bly, aangesien min Afrikaners hulle tans wil vereenselwig met hul apartheidsverlede, soos geargumenteer in Hoofstuk Drie. Die Afrikaners, onder leiding van die NP-regering, het immers – in navolging van imperiale hegemonie – op dieselfde wyse, en meer nog, met die instelling van bykomende apartheidswette, aan ander volke gedoen wat tydens kolonialisme aan hulle gedoen is.

Boshoff (2009) verduidelik verder dat **Ostrakon**, afgesien van skakeling met **Psephocracy**, ook gesien moet word as 'n "susterwerk" van **Psephos** (1993-1994 – Fig.11). Dié installasies ondersoek die oorsprong van demokrasie in Antieke Griekeland (vgl. verder Siebrits, 2007:22). *Demos* beteken in Grieks *mense* en *kratos* is die Griekse woord vir *mag*. Om 'n persoon uit 'n groep te laat, of uit die groep te verwyder, met ander woorde om van 'n persoon 'n buitestander te maak, staan in Engels bekend as *ostracisation* of *ostracism*. In Afrikaans is sinonieme vir uitdruif *ostraseer*, en vir uitdrywing of uitsluiting, *ostrasisme*.

Die name op die teëls is volgens Boshoff (2009) diegene wat die land wanregeer het. Hulle is in posisies van *mag* geplaas sonder dat die grootste gedeelte van die bevolking – soos wat 'n demokrasie vereis – enige insette kon lewer, want slegs wittes kon stem. Gevolglik bevat die keramiekteëls die name van mense wat geostraseer, of aan ostrasisme, onderwerp moes word (Siebrits, 2007:92). Op hierdie wyse word die historiese narratiewe wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme, tot die aanhang van die apartheidsideologie via die dokumentering van die name van 'n Afrikanerelite as die *Gehalt* in die installasie deur die *Inhalt* verwerklik.

6.5 **Prison sentences** (2003 – Fig.13) met verwysing na **Neves 1 en Neves 2** (2003 – Fig.14 & 15)

6.5.1 **Beskrywing van die *Inhalt* van *Prison Sentences*** (Fig.13)

Die installasie **Prison sentences**⁵ bestaan uit agt swart granietblokke uit Zimbabwe wat blink gepoleer is sodat die aanskouer sy/haar refleksie daarin kan

⁵ Op Boshoff se oorspronklike webblad (2007) is die titel van die werk aangegee as *Prison hacks* (vgl. Vladislavic, 2005:98, 100-101; Siebrits, 2007:88). Hierdie titel het verwys na die eerste drie panele, naamlik vir Mandela, Sisulu en Kathrada. Nadat hy die ander vyf panele voltooi het, het hy die titel verander na *Prison sentences*.

sien. Die afmetings per granietblok is ongeveer die grootte van 'n deur, naamlik 134 x 100 x 2 cm. Op die gepoleerde granietoppervlaktes is wit merke gesandspuit. Die merke bestaan uit herhalende ewe groot en eenderse ses klein vertikale strepies waardeur een diagonale streep getrek is. Die volgende inligting is onderskeidelik op die linker sykant van elke granietblok gesandspuit:

Op die eerste granietblok staan gedruk: *Nelson Mandela 11 Jun 1964-11 Feb 1990 [9 377 days]*; op die tweede: *Ahmed Kathrada 11 Jun 1964-15 Oct 1989 [9 269 days]*, en op die derde tot by die agste granietblok se sykant elk: *Walter Sisulu 11 Jun 1964-15 Oct 1989 [9 269 days]*; *Raymond Mhlaba 11 Jun 1964-15 Oct 1989 [9 269 days]*; *Elias Motsoaledi 11 Jun 1964-15 Oct 1989 [9 269 days]*; *Andrew Mlangeni 11 Jun 1964-15 Oct 1989 [9 269 days]*; *Govan Mbeki 11 Jun 1964-5 Nov 1987 [8 548 days]*; *Dennis Goldberg 11 Jun 1964-June 1985 [\pm 8 030 days]*.

6.5.2 Interpretasie van die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en *Gehalt*

Boshoff verduidelik op sy webblad (2009) dat hy aan maniere gedink het hoe om die aantal dae wat agt van die politieke gevangenes wat gedurende die Rivonia-verhore in Junie 1964 lewenslange tronkstraf gekry het, te verbeeld. Hy vertel aan Siebrits (2007:88) dat hy dit aanvanklik oorweeg het om etswerke te skep om die aantal dae wat elk van dié prisoniers in gevangenskap deurgebring het, te dokumenteer. Die meeste van hulle is eers tussen 1989-1990 vrygelaat, met die uitsondering van Goldberg in 1985. Die kunstenaar wys daarop dat hy – soos Kosuth (vgl. Hoofstuk Vier) – 'n aantal assistente aangestel het om hom met die navorsing te help (vgl. Vladislavic, 2005:98). Die presiese getal dae wat elke prisonier agter tralies deurgebring het, moes, met inagneming van skrikkeljare, bereken word. Hy vertel voorts aan Siebrits (2007:88) dat hy en sy assistente, in die geval van Dennis Goldberg, hom persoonlik gaan besoek het om seker te maak van die presiese getal dae wat Goldberg agter tralies deurgebring het, aangesien hy die eerste van die prisoniers was wat vrygelaat is.

Uit hulle navorsing het dit voorts geblyk dat die manier waarop prisoniers probeer tred hou met tyd, is om elke dag wat hulle tronkstraf uitdien, 'n vertikale strepie te

trek. Na ses dae word 'n diagonale lyn deur die vertikale strepe getrek om een week af te sluit. Hierdie merke word gemaak op 'n muur in 'n private plek soos 'n toilet- of teen 'n selmuur. Sewe jaar in die gevangenis word deur prisoniers beskou as 'n baie lang, bykans nimmereindigende en ewigdurende tydperk. Hierdie “nimmereindigende” tydperk van sewe jaar word deur prisoniers 'n *neves* genoem (Boshoff, 2009). Die Oxford Dictionary beskryf die woord *neves* ook as 'n uitgebreide periode van tronkstraf.

Die ritmiese herhalende stel ses vertikale strepe wat elk op dieselfde wyse deurgetrek word met 'n diagonale lyn, sinspeel op die eentonige dae in die lewe van die prisoniers waar een dag so herhaalbaar en voorspelbaar is as die volgende dag. Carew (2003:19) is in akkoord hiermee wanneer hy stel dat die krapmerke wat op die graniet gesandspuit is, is 'n eenvoudige maar effektiewe manier om sowel die eensaamheid wat Mandela [en die ander prisoniers] in die tronk verduur het, as die tyd wat verlore gegaan het, vas te vang. Die merke word klein spitspaalheining wat diegene wat binne is, binne hou en die wat buite is, uit hou:

A handful of such signs is a cliché, cartoon shorthand for a prison cell; repeated precisely, exhaustively, they capture the immensity of the prison sentences endured by the Rivonia Trialists (Vladislavic, 2005:98).

Boshoff (2009) wys daarop dat hy 'n gevoel van abstraksie, 'n mediterende kwaliteit in sy installasie wou skep om die gevoel by die aanskouer op te wek van dae wat getel word en van 'n bewussyn van tyd wat verbygaan tot op 'n punt waar 'n mens jouself heeltemal in tyd verloor. Na aanleiding van hierdie *Gehalt*-verwante inligting, sou 'n onderskeid getref kon word tussen ***Prison sentences*** (Fig.13) en ***Ostrakon*** (Fig.10), waar die een 'n nadenkende inslag het en die ander een tot aktiewe optrede aanspoor. ***Prison sentences*** se mediterende inslag gee 'n gevoel van die bewuswording van die verlorenheid en verganklikheid van tyd wat soos water deur die vingers glip, en terselfdertyd ook die desperaatheid om met tyd wat verbygaan te probeer tred hou. Boshoff slaag esteties hierin deur die klassieke opstelling van 'n ritmiese, eenvormige herhaling in die granietblokke en die krapmerke [in teenstelling tot vorige werke waar 'n konstellasië van 'n verskeidenheid elemente in die materiaal na vore tree]. ***Ostrakon*** weer, is gerig op

'n meer aktiewe handeling of optrede, enersyds ten opsigte van die daad/werk van liasering van 'n voormalige Afrikanerelite, en andersyds in die poging om die boek van die verlede af te sluit.

Deur die keuse van sy materiaal toon die kunstenaar besondere insig in sy probleem om die abstrakte gevoel van tyd wat prisoniers tydens tronkstraf ervaar, te verbeeld, en om die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en die *Gehalt* tot verwerking te bring. Graniet – 'n materiaal wat onvernietigbaar deur tyd is, met ander woorde 'n ewigdurende leeftyd het – sinspeel enersyds op *neves*, die "nimmereindigende" gevoel wat die prisoniers oor hul tyd van lewenslange vonnis in die tronk gevoel en ervaar het, en andersyds, omdat graniet die assosiasie met grafstene oproep, sou dit beskou kon word as 'n inspelings op die prisoniers se gevoel wat hulle sekerlik dikwels sou ervaar het, naamlik dat hulle vir die mense en wêreld buite die tronk, dood is, en omgekeerd, dat die buite-wêreld – omdat hulle geen kontak met mense buite die tronk gehad het nie – nie meer vir hulle bestaan het nie (vgl. Boshoff, 2009).

Vladislavic (2005:98) argumenteer op sy beurt dat die kunstenaar – afgesien daarvan om die absolute eensaamheid van die prisoniers te verbeeld – deur die gebruik van graniet as materiaal, vanweë die hardheid daarvan, ook daarin slaag om assosiasies van kilheid en ongenaakbaarheid op te roep en sodoende die feit te beklemtoon dat enige vorm van vertroosting, hoe klein ook al, vir die prisoniers ontbreek het.

Bykomend sou ook daarop gewys kon word dat graniet die materiaal is wat tradisioneel gebruik is om *memorials* [gedenkstene] mee te bou. Vladislavic (2005:98) wys juis daarop dat hierdie reeks granietafbeeldings opgedra is aan Suid-Afrika se beroemdste politieke prisoniers. So beskou, kan die agt panele geïnterpreteer word as gedenkstene ter ere van dié politieke prisoniers. Die prisoniers het lewenslange vonnisse, met ander woorde, veelvuldige *neves* gekry. Dit het letterlik beteken het dat hulle in die tronk sou sterf. Vanuit die perspektief van Danto (1987:12) se onderskeid tussen monumente en *memorials*, is hierdie installasie 'n *memorial* vir die "afgestorwenes", naamlik die prisoniers. Dit is by

uitstek nie 'n monument wat die oprigters daarvan vier nie, maar eerder 'n *Mahnmal* ['n waarskuwingsteken] of 'n *kontramonument* (vgl. Hoofstuk Vyf; Snyman, 1998:318).

Om die verlorenheid en eensaamheid van die tronkstraf vas te vang, het Boshoff bykomend vir die uitstalling *Licked* twee etse (van 522.5 x 63.5cm elk) met die titels **Neves 1** (Fig.14) en **Neves 2** (Fig.15) geskep wat uit die woord *neves* bestaan en herhaaldelik geskryf is. Die lyne wat die woord *neves* vorm, bestaan uit klein, mikroskopiesgrootte lettertjies wat die teks bevat van uittreksels uit Mandela se toesprake voordat hy tot lewenslange tronkstraf gevonniss is (Vladislavic, 2005:68-69). Hierdie miniskule, onleesbare klein teks skakel nou met die kunstenaar se **Bangboek** (1977-81 – Fig.2) wat ook tronkstraf as tema gehad het en waarna reeds verwys is. Boshoff (2009) wys daarop dat hy die twee werke 24 jaar uit mekaar gemaak het.

Mandela se geskryfte is verban, hy is van hoogverraad aangekla en sy toesprake is ondergronds onder ANC- en ander versetorganisasies versprei. Dit moes met ander woorde – soos **Bangboek** (1977-81 – Fig.2) van Boshoff – 'n geheim bly en nie deur die veiligheidspolisie gelees word nie.

Die miniskule, geheime skrif in **Bangboek** vind neerslag in die onleesbare klein teks van Mandela se toesprake in **Neves 1** en **Neves 2**. Boshoff se persoonlike vrees om tronkstraf te kry, vind eweneens aanklank by 'n soortgelyke angsk by Mandela. Boshoff (2009) het geweier om apartheid via diensplig te verdedig en het op 'n pasifistiese wyse vanuit sy posisie as 'n meerderwaardige en bevoorregte wit man deur geheime skrif uitdrukking aan sy afkeer van dié ideologie gegee, terwyl sy persoonlike angsk verwoord word in die woordspel van die titel van hierdie konkrete poësie, **Bangboek** [die woordspeling tussen *bangboek* en *bangbroek* is in Hoofstuk Vier aangespreek]..

In 'n gebaar van uitreiking en empatie bied Boshoff, nou as 'n gelyke [want hy en Mandela word saamgesnoer in hul anti-apartheidsingesteldheid, en nie vanuit 'n superieure posisie nie], aan Mandela as onderdrukte deur apartheid, 'n persoonlike dagboek – herinneringe aan sy toesprake voor sy inhegtenisneming, waarin

hy sy aktiewe teenstand teen apartheid verwoord, en gepaardgaande bevrydingsboodskappe vir die volk gelewer het. Hierdie gebaar van die kunstenaar is vroeër onvoorstelbaar binne die konteks van 'n baie sterk geïntitutionaliseerde aanhang van Afrikanernasionalisme en 'n meerderwaardige identiteit.

Die kunstenaar se kennis van taal en sy talent met woordspeling kom te voorskyn in die oorspronklike titel van die installasie, naamlik ***Prison hacks***, en in die huidige titel ***Prison sentences***, asook in die etswerke ***Neves 1*** en ***Neves 2***. Wat die eersgenoemde betref, stel Boshoff (2009) dat hy baie van die term *hack* gehou het, omdat dit die Engelse term is wat gebruik word vir 'n persoon wat gehuur word om vervelige roetinewerk te doen. Die term beteken egter ook 'n lyn wat jy deur iets trek. In die eerste geval sou dit kon sinspeel op die vervelige bestaan en roetinewerk van prisoniers en in die tweede geval op die diagonale lyn wat deur ses vertikale strepies getrek word om aan te toon dat nog 'n week van sleur- en roetinewerk in die tronk verby is.

Die opvolgende en huidige titel ***Prison sentences*** bied eweneens ruimte vir 'n woordspel. Aan die een kant verwys *sentences* na die termyne wat prisoniers in die tronk moet deurbring. Aan die ander kant beteken die Engelse woord *sentence* ook 'n sin, met ander woorde 'n grammatikale, betekenisvolle geheel wat tot 'n einde moet kom met 'n punt (Boshoff, 2009; Siebrits, 2007:88). Net soos wat 'n mens kan verwag dat 'n sin, ongeag hoe lank, tot 'n einde moet kom, het die prisoniers se termyne in die tronk ook tot 'n einde gekom.

Die woord *neves* bied eweneens aan Boshoff die geleentheid tot 'n woordspel – wanneer *neves* van regs na links gelees word, spel dit die Engelse woord *seven*, wat volgens die Bybel die volmaakte getal is. Hierdie volmaakte getal roep weer eens 'n Bybelse verwysing met betrekking tot vergiffenis op: Christene word opgeroep om hul naaste, diegene wat teen hulle 'n onreg gepleeg het, sewentig maal sewe keer te vergewe (Matt. 18:35). Tog wys Adorno daarop dat diegene wat voorstanders is van die uitdrukking "vergewe en vergeet", gewoonlik nie die slagoffers is nie, en dat hierdie eis vir die slagoffers dikwels onaanvaarbaar is (Adorno, 2003a:3). Daarenteen het Mandela, ofschoon hy kritiek gekry het op sy

regeringstyl, soos uitgewys deur Slabbert (1999:85, 99) en Giliomee (2003:648), wêreldwyd – en veral onder Afrikaners – respek afgedwing met sy versoenende "vergewe en vergeet"-optrede. Dit het aan hom die bynaam *Madiba* besorg en tot gevolg gehad dat 'n mite oor hom as vryheidsikoon versprei het.

Boshoff as Afrikaner se misnoë met die magsbeheptheid van die NP-regering tydens die apartheidsera en sy empatie met Mandela, die onderdrukte, word verwoord in sy *Gehalt* verwante stelling dat 'n mens soos Nelson Mandela nie net een periode van *neves* in die tronk was nie, maar vir vier *neves*, (4 x 7) dit wil sê vir 28 jaar. Die kunstenaar is van mening dat dit waansinnig is om 'n mens te verdoem om sy lewe agter tralies deur te bring, suiwer op grond van dit wat hy of sy dink (Siebrits, 2007:88). Boshoff sluit hier aan by die mite van Madiba [mite in die sin van 'n verhaal oor 'n eksemplariese persoon], aangesien hy nie vermeld dat Mandela die stigter van *Umkonktho we Sizwe* (MK), die binnelandse militante been van die ANC, was nie (vgl. Arnold, 2005:333; Thompson, 2006:205).

Die kunstenaar reageer op die "geritualiseerde waansin" waarin apartheid verval het (Slabbert 1999:18) deur sy keuse van materiaal en hoe hy sy materiaal manipuleer en aanwend. Afgesien van die sinspelings en interpretasies wat opgeroep word deur graniet as materiaal te gebruik, en die eentonige en herhalende tipe merke op die graniet, moet voorts in gedagte gehou word dat die graniet so blink gepoleer is dat elke paneel soos 'n spieël is, met ander woorde, elke aanskouer sien haar- of homself in die granietblok wat sodoende 'n spieël van die self word (Boshoff, 2009).

'n Interpretasie van ***Prison sentences*** (Fig.13) kan nie afgesluit word nie sonder 'n verwysing na die *Vietnam Veterans Memorial* wat in 1982 onthul is en waarvan die argitek Maya Ying Lin is. Die materiaal vir hierdie *memorial* is soos dié van Boshoff – swart blinkgepoleerde granietmure waarop die name van die 58 000 Amerikaanse gestorwenes in hierdie oorlog gegraveer is. Die reuse *memorial* (152.4m) vorm die wande van 'n versinking in 'n park, bekend as The Mall, tussen die Jefferson- en Lincoln gedenktekens in Washington, D.C. Terwyl verskeie belanghebbendes by die *memorial* 'n realistiese standbeeld van soldate

voorgestel het, het Lin – soos Boshoff – verkies om konseptueel te werk te gaan en hierdie name op swart gepoleerde graniet te laat graveer. Soos in die geval van Boshoff, is die gepoleerde graniet selfverwysend – die aanskouers sien hulleself in die "spieël" van graniet:

„, as they search among the names of the casualties inscribed on the wall, an emotionally compelling effect that many have compared to an encounter between the living and the dead. In addition, visitors have the option of making pencil rubbings of the names of their loved ones ... (Arnason & Mansfield, 2010:628).

Die terugspieëlende beelde wat Boshoff en Lin skep, roep Adorno (2003b:21, 29) se waarskuwing op ten opsigte van gebrekkige selfrefleksie wat kan lei tot blinde dominasie van sowel die natuur as van mense ter wille van selfsugtige selfhandhawing en -oorlewing. Soos in Hoofstuk Twee beredeneer, argumenteer Spivak (1992:34) en Said (1985:90) vanuit 'n postkoloniale kritiese perspektief dat die *ander* op 'n assosiatiewe wyse, met ander woorde, soos 'n omgekeerde refleksie in 'n spieël, die skaduwee van die *Self* word. Hierteenoor, stel Adorno, wys selfrefleksie in die rigting van versoening omdat die doel van denke nie is om voort te gaan met blinde dominasie nie (vgl. Zuidervaat, 2007).

6.6 **Secret letters** (2003 – Fig.16)

6.6.1 **Beskrywing van die *Inhalt* van die installasie**

Secret letters bestaan uit tien ongeveer deurgrootte wit skilderdoeke wat direk langs mekaar gehang is en saam 850cm breed is. In die boonste linkerhoek van die eerste doek staan in handskrif in swart letters geskryf, *11 Junie '64 tot 12 Jan. '67* en aan die regterkant bo, *No. 1*. Op die tweede paneel is op soortgelyke wyse links bo geskryf *13 Jan. '67 tot 21 Aug. '69*, en regs bo, *No. 2*. Die derde paneel bevat links bo die datums *22 Aug. '69 tot 13 Apr. '72*, met die nommer van die paneel regs bo. Hierdie opeenvolging van datums en nommers strek tot die tiende paneel, waarvan die heel laaste datum op die paneel *11 Feb. '90* is. Al die panele is vol klein gaatjies waarin opgefrommelde vierkantige klein wit doeke, wat soos papierrosette of opgefrommelde stukkies papier lyk, gedruk is. Al die rosette bevat klein gedrukte teks, maar dit is onmoontlik om dit te lees vanweë

die klein lettertipe en ook die feit dat dit opgefrommel in die klein gaatjies gedruk is. Tussen-in is op wit kaartjies in swart letters – duidelik leesbaar – verskeie datums wat dateer vanaf 1964 tot 1990. Daar is altesaam 9 377 van hierdie rosette en kaartjies oor die tien panele versprei.

6.6.2 Interpretasie van die dialektiese verband tussen die *Inhalt* en *Gehalt*

Boshoff bied die volgende *Gehalt*-verwante inligting op sy webblad (2009) en in onderhoude met Vladislavic (2005:34) en Siebrits (2007:31-32). Hy vertel dat net soos ***Prison sentences***, het hierdie installasie te make met tyd tydens tronkstraf. Bykomend het hierdie installasie ook te make met 'n geheime inhoud, soos sy ***Bangboek*** (1977-81 – *Fig.2*) en ***370-Day Project*** (1982-1983 – *Fig.28*). Dit word duidelik in die titel, ***Secret letters*** (2003 – *Fig.16*), gestel. Die getal 9 377 is betekenisvol – dit is die totale aantal dae wat Nelson Mandela in die tronk deurbring het. Daar is met ander woorde 'n brief en 'n datumkaart vir elke dag van sy tronkstraf nadat hy weens hoogverraad skuldig bevind is. Die eerste datum, 11 Junie 1964 was sy eerste dag in die gevangenis en die laaste datum, 11 Februarie 1990 is die dag waarop hy na vier maal *neves* (28 jaar) vrygelaat is uit die Victor Verstergevangenis by die Kaapse dorp, Paarl. Carew vang die omvang van nuusweerhouding van Mandela soos volg vas:

... the day in October 1964 when Kenneth Kaunda became president of post-Colonial Zambia. ... Martin Luther King's assassination on April 4, 1968 ... the moon landing on July 20, 1978. ... April 1 1965 when John Harris, the Johannesburg Station bomber sang "We shall overcome" at his hanging. ... Jackie Stewart winning the grand prix at Kyalami on January 1 1969, musical records such as Gene Rockwell topping the South African charts with *Heart* in December 1964 ... the birth of Suid-Afrika's first sextuplets on January 11 1974. ... (Carew, 2003:19).

Prison sentences (*Fig.13*) verbeeld die geheime kalender waarvolgens prisoniers tyd gehou het. Die inhoud van die geheime briewe in ***Secret Letters*** (*Fig.16*) bevat gedrukte uittreksels uit toesprake van Mandela voor sy tronkstraf, asook van Oliver Tambo wat op daardie stadium die leier van die ANC was, terwyl Mandela MK gestig het. Verspreid tussen die toesprake is nuusgebeure op dieselfde wyse gedokumenteer en in gaatjies gedruk, "... from the earth-shaking

to the utterly mundane ... (Vladislavic, 2005:98). Boshoff verduidelik aan Siebrits (2007:30-31) dat Mandela en die ander politieke prisoniers nie toegelaat is om enige briewe of koerante te ontvang nie. Gevolglik was Mandela onbewus van wat in die buitewêreld aangaan, want inligting is deur hierdie verbod doelbewus van hom weerhou. Hierdie briewe vul met ander woorde as 't ware die prisonier se kalender aan, dit bied die inligting wat tydens die prisonier se vier maal *seven* gebeur het en waartoe mense buite die tronk toegang gehad het en wat deur 'n groot verskeidenheid van media vrylik beskikbaar was.

Vladislavic (2005:34, 98) bied 'n meer persoonlike blik op die informasie wat van Mandela weerhou is en hom sodoende van herinneringe daaraan ontnem het. Hy koppel die gebrek aan herinneringe van gebeure in die wêreld buite die tronk by Mandela tydens sy gevangenisstraf aan Boshoff se persoonlike herinneringe. Hy stel dat Boshoff was op 31 Mei 1983 een van 6 637 atlete wat die *Comrades Marathon* tussen Pietermaritzburg en Durban voltooi het. Boshoff het 'n silwer medale verwerf vir sy tyd van 7 uur 26 minute en 29 sekondes waarin hy die wedloop voltooi het. Terselfdertyd het die kunstenaar aan die **370-day project** (1982-1983 – *Fig.28*) gewerk. Die vraag wat die outeur homself afvra, is wat het Mandela op 31 Mei 1983 gedoen terwyl Boshoff gehardloop het en duisende toeskouers langs die pad en op televisie die wedloop aanskou het. Die kunstenaar verduidelik op sy beurt aan Siebrits dat hierdie installasie nie net handel oor dit wat in die openbaar bekend is en wat geheim gehou word nie,

... but is also about the passage of time, providing a record and some sense of how Nelson Mandela and other political prisoners like him survived (Siebrits, 2007:31).

Boshoff vertel verder aan Siebrits (2007:31) dat Mandela wel op hoogte gehou is van nuus uit ANC-kringe, omdat geheime boodskappe op opgefrommelde stukkie papier onder klippe of in muurbarste weggesteek was waar die prisoniers dit gaan uithaal het as die wagte nie kyk nie. Die kunstenaar verduidelik dat dit hierdie muur met geheime briewe was konseptueel die idee was wat hy in die installasie tot uitdrukking wou bring. Boshoff het sy werkwyse soos volg aan Siebrits verduidelik:

... I ... plot a 27-year calendar in the form of date cards that recorded certain important events. ... th[e] item[s] of news would be placed over th[e] day's date on the card to denote that this information was no longer secret, but open for everyone to see. The idea was that these widely-known events would act as a counterpoint to the place on the time-line of his long sentence at which Nelson Mandela stood on that day. ... The only constant I showed for Nelson Mandela was his birthdays, each of them commemorated by an open letter ... (Siebrits, 2007:31).

Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat – net soos Mandela – baie wit Suid-Afrikaners as gevolg van sensuurwetgewing nie bewus was van die volle omvang van die instandhouding van apartheid nie (vgl. Carew, 2003:19). Die intensiteit van die *struggle* en gepaardgaande binnelandse onrus en sabotasiedade, asook optrede van die polisie tydens noodtoestande, is sorgvuldig uit die nuusmedia gehou en vir die openbare publiek weggesteek (Worden, 1994:96; Thompson, 2006:20). Soos in Hoofstuk Drie beredeneer, is sensuurwetgewing sedert 1963 drasties versterk en is skrywers, sangers en kunstenaars se werke wat apartheid gekritiseer het, verban. Carew maak die volgende sinvolle opmerking in dié verband: "[**Secret Letters**] not only generates sadness at the degree of Mandela's loss but also indicates that he was not alone in being denied access to information" (Carew, 2003:19).

Terwyl die meeste wit Suid-Afrikaners rustig met hul lewens aangegaan het, nie ten volle ingelig is ten opsigte van die politieke toestand in die land nie en bitter min noukeurig kan onthou wat hulle op 'n spesifieke dag gedoen het, het Mandela sy dae in die tronk deurgebring en in alle waarskynlikheid sy "kalender" – soos die meeste prisoniers – op sy selmuur aangebring om met die tyd te probeer tred hou (vgl. **Prison sentences**, 2003 – Fig.13).

Secret letters openbaar enersyds aan die aanskouer die diep persoonlike gevolge van die blinde ondersteuning van mag tydens die apartheidsera, en verset daarteen, en andersyds, soos in die geval van **Prison sentences**, die eensaamheid wat Mandela moes ervaar tydens sy tronkstraf. Soos beredeneer, het Afrikaners se herinneringe aan opofferings wat hulle in die verlede tydens Britse imperiale kolonialisme moes maak, 'n onuitwisbare indruk op hulle gemaak, met die gevolg dat hulle van voorneme was om aan die mag wat hulle gekry het, ten alle

koste vas te hou. Indien nodig, sou hulle – soos geargumenteer deur De Klerk (2008:341), Leoussi en Grosby (2007:8) en Hutchinson (2006:52-53), bereid wees om opofferings te maak ter wille, en tot voordeel, van die nasie. Die opofferings waarvan hulle gepraat het, was die heroïese soort opofferings: ontberings, deurdruk teen alle weerstand in, selfs die eie lewe opoffer. Wat hierdie soort praat nie kon insien nie, is hoedat die reg en etiese waardes soos sorg en grootmoedigheid wel opgeoffer is ter wille van die behoud van mag.

In hul magstrewe het Afrikaners egter – soos wat Boshoff aan Siebrits uitwys – swart mense, wat niks te doene gehad het met die Anglo-Boereoorlog en kolonialisme nie, laat boet: "Their [Afrikaners'] resentment was vented on the blacks, who had had nothing to do with the wiping out of Boer families in the concentration camps" (Siebrits, 2007:28). Dit was 'n vreesgedrewe dominasie gerig teen die "swart gevaar" [al die "gevaar" wat die NP en voortvloeiend daaruit die Afrikaners gedurende die apartheidsera bedreig het, is in Hoofstuk Drie bespreek]. Daar was op hierdie stadium geen kritiese selfbewussyn dat die Afrikaners hulleself werklik van kolonialisme bevry het nie, maar hoogstens die rol van die Britse kolonialiste oorgeneem het.

Binne hierdie konteks is Loomba (2005:16) se opmerking met betrekking tot nasionalisme na dekolonisasie verstaanbaar. Sy stel – soos in Hoofstuk Twee uitgewys – dat binnelandse onrus en burgeroorlog dikwels daaraan toegeskryf kan word dat in die vrygeworde land daar nie in die behoeftes van al die bevolkingsgroepe voorsien word nie, maar dat hierdie vryheid slegs tot voordeel van 'n enkele samelewingsgroep aangewend word. Die ander kant van die munt is dat – soos blyk uit die historiese narratief van Afrikaners – ook die sogenaamde bevoorregte nasie onvry is, aangesien alle sosiale vorme van omgang, woongebiede en beweging van die bevoordeelde eie groep op soortgelyke wyse beperk word. Waarop dit neerkom, is dat wit en swart hulle in 'n onvrye omgewing bevind het, soos beredeneer deur Zaaiman (2007:365) in Hoofstuk Drie.

Boshoff beeld die abstrakte konsep *onvryheid* uit deur sowel die briewe wat nie gelees kan word nie, as sy titel vir die installasie, op geheime en geheimhouding in te speel. In 'n onvrye samelewing word mense genoop om – uit vrees om uitgang te word – ondergronds te sosialiseer, en inligting wat mense toekom, word van hulle weggehou of valse inligting en halwe waarhede word versprei. Die bestaan van mense wat die politieke sisteem teenstaan [deur aktiewe verset] word ook geheim gehou deur publikasies van wat hulle dink en sê, en selfs foto's van hulle te verbied. Die *Inhalt* en die titel staan weer eens in 'n dialektiese verband met die *Gehalt* – die historiese narratief van die aanhang van die apartheidsideologie, die NP-regering as verteenwoordigend van die Afrikaners se vas-klou aan mag en die grondliggende vrees wat sodanige optrede gemotiveer het.

Soos in die geval van *Prison sentences* word die aanskouer van *Secret letters* ook gekonfronteer met 'n ongemaklike gevoel wanneer Mandela se eensaamheid en afsondering in herinnering geroep word. Carew som hierdie installasie soos volg op: In die eerste plek is daar 'n worsteling met kollektiewe herinneringe, en tweedens met kollektiewe gevoelens van skuld. Hy stel dit soos volg: “Language, memories and history as well as sympathy with Mandela are the main issues in this work” (Carew, 2003:19).

6.7 Slotopmerkings

Terwyl *Spoiled vote* (Fig.7) beskou word as 'n gepaste oorgangswerk ter inleiding van hierdie hoofstuk, is *Secret letters* (Fig.16) 'n sinvolle voorbeeld om hierdie hoofstuk af te sluit. Waar *Spoiled vote* die aanskouer betrek by die herinneringe en identiteitsbeskouinge van die Afrikaners met betrekking tot die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme as gevolg van Britse imperiale kolonialisme, en wat gelei het tot die allesoorheersende vasklou aan mag tydens apartheid, neem hierdie laasgenoemde installasie die aanskouer vanaf die Afrikaners se aanhang van die apartheidsideologie en die onvryheid wat dit vir alle inwoners van die land ingehou het tot by Mandela se vrylating in 1990 toe onderhandelings vir 'n vreedsame magsoorname reeds begin het. Edmunds (2003) vat die kern van

sommige van die installasies wat in hierdie hoofstuk bespreek is, soos volg saam:

Neves, Prison Hacks and Secret letters find Boshoff exploring language, history and memory through the lens of Mandela's trial and imprisonment (Edmunds, 2003).

Hierdie opmerking kan ook van toepassing gemaak word op die ander gekose installasies in hierdie hoofstuk.

Die aankondiging van Nelson Mandela se onvoorwaardelike vrylating op 2 Februarie 1990 het onteenseglik die finale van die einde van apartheid aangekondig. Die klok vir die laaste rondte van wit oorheersing in Suid-Afrika het gelui. Apartheid het amptelik tot 'n einde gekom met die eerste demokratiese verkiesing van 'n nie-rassige regering op 27 April 1994. In die volgende hoofstuk word installasies waarvan die tema aspekte aanspreek wat geassosieer word met die datum *27 April 1994*, gelees en geïnterpreteer.